DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

*Eredienste* begin *09:30*

**14 Januarie 2024**

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | **Levitikus 2** |
| **Tema** | **Gooi sout by jou offers** |
| **Sang** | **Psalm 147: 1, 5**<br>**Psalm 9: 7, 8**<br>**Skrifberyming 5-4: 1, 2, 3**<br>**Psalm 116: 1, 4**<br>**Psalm 116: 7, 10** |

**Wat is ‘n offergawe? Al die offers het een ding vir die Israeliet beklemtoon en dit is dat God die absolute middelpunt van ons lewe moet wees. Die graanoffer was ’n neerbuig voor God waarmee jy erken dat God die begin en einde van jou lewe is. Dit was ’n belydenis voor God dat uit Hom en deur Hom en tot Hom alle dinge is. Hier staan ek met die graan in my hande. U het my gehelp. U is betrokke by my daaglikse werk op my lande. Met hierdie graanoffer erken ek u genade en hulp. Ek erken dat ek vir my inkomste van U volkome afhanklik is. En soos ’n deel van hierdie offer gaan brand in die vuur, so brand my hart vol liefde tot U eer.**

**"Wat ons is, is slegs genade, wat ons het, is slegs geleen". Dit is die kern van Koosdup se lied. Só moet ons ook kyk na die offer in Lev 2. As die Here jou geseën het, is jou hart vol dankbaarheid. God sê: Bring dan 'n offer van graan waaraan arbeid en tyd bestee is. 'n Offer wat jy voorberei het. Dit is jou gawe aan die Here. Jou dankie-sê gaan gepaard met sorg. Jy vertroetel dit. As jy dan jou geld toevou in die koevert of elektronies oorbetaal, dan is dit nie gedagteloos nie. Nie die betaal van 'n rekening nie. Jy het dit in jou siel deurleef. Dit is jou dankoffer aan die Here.**

**En dan kry ons die sout wat nooit vergeet moet word nie (vs 13). Die een wat die offer bring, bring nie sout saam nie. By die tempel is 'n soutkamer. Die sout word deur God verskaf. Van die vroegste tye af was sout 'n teken van vriendskap. Wanneer mense met mekaar 'n verbond sluit, het hulle dit bevestig deur saam te eet met sout wat gesprinkel word. Net so gee God die sout en bevestig Hy sy trou en vriendskap aan die offeraar. Maar God leer ook dat ons offers sonder sout, ten diepste onsmaaklik is. Sonder God is jou lewe laf en flou soos kos sonder sout. Olyfolie teken die Heilige Gees wat in jou hart die behoefte lê om te dank. Wierook laat die geur van die gebed opgaan: Here, ontvang my gawe. Sout teken God se Verbondstrou waardeur Hy steeds sy beloftes hou en vir jou sorg. Die offer is niks anders as die teruggee aan God van dit wat Hy aan jou gegee het nie.**

In Jesus het God die grootste gawe aan ons gegee, daarom kan ons in Psalm 116 sing: "Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade en by die kelk van heil sy Naam vermeld". So bring ek aan God my geestelike dankoffers (1 Pet 2:5,9). Kom, ons maak ook hierdie nuwe jaar 'n dankofferjaar vir die Here.



## OOG VIR MEKAAR




- Ons dink in ons gebede aan tannie Rita du Plessis wat baie swak is en tans privaat versorg word.
- Ons is dankbaar dat Gerdien Kuijpers terug is van Nederland. Sterkte vir jou daaglikse stryd om na die behandeling weer aan te gaan.

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 14 Jan 2024

Diensbeurt: Wyk 10
Ouderling: Phillip vd Walt

Katkisasie: Geen
Diaken: Reinhardt Weidemann

**Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.**

# Eredienste begin 09:30

## TEE EN KOFFIE KUIERTYD



**Susters word versoek om asb Sondae hand by te sit om koffie en tee te bedien na die erediens. Susters sal nie meer genomineer word om na eredienste koffie en tee te bedien nie.**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 14 Jan | Na erediens | *Kerk* | AK vergadering |
| 16 Jan | 18:00 | | Sustersvergadering |
| 19 Jan | 18:00 | *Kerk* | Kerkraad toerusting |
| 21 Jan | Na erediens | *Kerk* | Katkisasie opening |
| 22 Jan | 18:00 | *Kerk* | Finanskommissie |
| 23 & (24) Jan | 09:30 & (18:30) | *Kerk* | Bybelstudie |
| 26 Jan | 18:00 | *Kerk* | Gemeente kuier |




# KALENDER




| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| *Datum* | *Naam* | *Ouderdom* | *Belydend / Doop* | *Sel/Tel no.* |
| (So) 14 Jan | Sarie Hattingh *<br>Antonie Weideman<br>Sheralyn Jv Rensburg<br>Lumari vd Merwe<br>AB Grobler | 77<br>55<br>36<br>22<br>14 | B<br>B<br>B<br>B<br>D | 082 567 0518<br>082 846 6850<br>084 785 3598<br>079 169 4006<br>071 885 8928 |
| (Wo) 16 Jan | Kotie Cilliers **<br>Hennie Korff *<br>Henno Booyzen | 82<br>74<br>34 | B<br>B<br>B | 072 292 6832<br>072 190 2991<br>060 723 7267 |
| (Do) 17 Jan | Welma Venter | 59 | B | 083 263 5375 |
| (Sa) 20 Jan | Ryno Swanepoel | 38 | B | 079 631 5702 |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Maar dié wat op die Here vertrou,
kry nuwe krag.
Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle
hardloop en word nie moeg nie,
hulle loop en raak nie
afgemat nie.**

**Jesaja 40: 31**

## KOLLEKTES

**Kollektes Januarie 2024**

**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**



**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
**14 Januarie 2024 Thuso fonds**
**21 Januarie 2024 Kerklike tydskrifte**
**28 Januarie 2024 Sustentasie fonds**

**“n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

# GEMEENTE KUIER AAND



Vrydag 26 Jan sal die braaivleis vure weer hoog brand, want ons beplan die eerste gemeente kuiertjie vir 2024 vanaf 18:00.

Bring jou T-bone, Sirlion, Rump of hoender en kom braai lekker saam met ons. Pap en sous sal voorsien word.

Onthou asb ook jou eie eetgerei en drinkgoed.

Kom en geniet die aand saam met ons.

Adobe Stock | #145461155

Sustersaamtrek 2024

# Die susters van die Gereformeerde Kerke Nylstroom en Vaalwater

**Nooi u hartlik uit na die Sustersaamtrek 2024**

**"Groei deur alle seisoene"**

**Spreker: Mev Saskia Meijer**

**Datum: Saterdag 9 Maart 2024**

**Registrasie: 7h30 – 8h30**

**Venue: Castle de Wildt, Modimolle**

**S24º 45.429' E28º 27.162**

**Koste: R 250 p.p.**

**RSVP: Voor of op Maandag 5 Februarie 2024**

**Gelde betaalbaar voor of op Maandag 4 Maart 2024**

**Navrae: Sr. Maronèl Stavast 082 472 2145**

**Kontant vir: Kollekte vir die Vroueblad, Bybelsverspreiding en Instituut vir Christelike Onderwys (ICO)**

**Stalletjies: Sommiges het kaartfasiliteite**

# SILWERDOPPERS

Die Silwerdoppers verkoop weer lekker vetkoeke op Vrydag 3 Februarie 2023.



Vetkoeke met lekker maalvleis teen slegs R30.00 en plein vetkoeke teen slegs R15.00 per vetkoek.

Voorkom teleurstelling en plaas jou naam NOU AL op die lys agter in die portaal of skakel Marina vd Walt op 072 135 6905 .

Bestellings kan vanaf 10:00 afgehaal word of tussen 17:00 tot 18:00 die middag.




**Susters wat die geleentheid by Pietersburg-Noord gaan bywoon moet asb hulle name op die lys agter in die portaal sit.**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>**Webwerf**<br>www.gereformeerd.co.za | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens. |
| | **Bankbesonderhede**<br>Kerkkas | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651 | Diakonie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581 | Koningskinders | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| Marisa Linde<br>083 408 2100 | Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| | Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.

*Jy moet sout by al jou graanoffers byvoeg. Jy mag nie die sout van die verbond van jou God uit jou graanoffer weglaat nie. Daar moet sout wees by al jou offers wat jy bring.*

*Levitikus 2: 13*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS